Nuusbrief 1 van 2024

Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

Liewe Ouers

Baie welkom terug na 'n heerlike vakansie! Ek vertrou dat almal 'n geseënde Kerstyd beleef het en dat 2024, met al die uitdagings en geleenthede, vir ons goed sal wees! Ons plaas met vertroue ons skool in God se hande vir beskerming, seën en voorsiening.

NUWE LEERDERS

Baie welkom aan al ons nuwe leerders asook hulle ouers. 'n Spesiale woord van welkom aan die 63 graad 8-leerders wat by ons ingeskryf het. Wees verseker dat jy die beste keuse gemaak het!

Ons nooi u as ouers uit om graag deel te raak en betrokke te wees by ons skool se werksaamhede asook u kind se aktiwiteite. Wees deel van die proses om ons skool tot hoër hoogtes te lei!

Die **tweede pakkie** is vir u kennisname en kan deur u gehou word:

Skooldrag-, afwesigheid- en selfoonbeleid 2024-fooie
Klerewinkelpryse
Detensiekodes
D6-inligtingstuk
Kriteria vir VRL en Matriekraad
Vrywaringsvorm m.b.t. die gebruik van leerderfoto's/-beeldmateriaal/-video's op sosiale media.

BELANGRIKE DOKUMENTASIE

Saam met hierdie nuusbrief ontvang u die volgende dokumentasie:

Bylaag A
Voltooi asseblief AL die vorms in hierdie pakkie. Moet asseblief nie die pakkie se blaaie losmaak nie.

Ouerbetrokkenheidsvraelys
Vorm vir kontakbesonderhede asook elektroniese nuusbrief.
Ondernemingsvorm
Selfoonbeleid
Regulasies vir die vrystelling van ouers van betaling van skoolfonds.

Leerder besonderhede-vorm
Kontroleer asseblief alle inligting op die vorm. Indien daar foute is, skryf die korrekte inligting langsaan neer.

Alle dokumentasie in die Bylaag A-pakkie asook die leerder besonderhede-vorm moet asseblief teen Vrydag, 25 Januarie teruggestuur word.

Sonder ouerbetrokkenheid kan ons skool nie die volle potensiaal bereik nie. Hiermee neem ons dan vrymoedigheid om u te nader om aan te dui waar u betrokke sal wil raak in die skoolopset.

Geniet 'n geseënde week!
Vriendelike groete
Brenda Hoffman